ALGEMENE NOODPLAN

NSS

Riglyne aan hooftoesighouers insake die ontruiming van ’n lokaal indien nood sou ontstaan:

1. Slegs die hooftoesighouer mag met die leerders kommunikeer indien daar ’n noodsituasie sou ontstaan. Hierdie inligting moet reeds voor die eksamensessie **(spanpraat)** begin aan die toesighouers deurgegee word.

2. Deel die toesighouers tydens die spanpraat so in dat hulle weet watter rye en in watter orde die leerders die lokaal moet ontruim indien dit nodig sou wees. Dui ook die uitgange aan. Die naaste uitgang is van toepassing, maar soms is dit nie duidelik watter uitgang die naaste sou wees wat ’n ry/rye betref nie en moet die hooftoesighouer dit vooraf uitwys.

3. Moet asseblief **nooit** noodplanne as deel van die gewone afkondigings met die studente bespreek nie. Slegs wanneer daar ’n noodsituasie is, word die noodprosedure uitgevoer.

4. In die geval van ’n noodsituasie, voordat ’n eksamensessie begin, bv. indien ’n houer “verdag” lyk, mag geen student die eksamenlokaal binnegaan alvorens dit nie deur personeel van Beskermingsdienste (polisie) veilig verklaar is nie. **Die hooftoesighouer sal in hierdie geval die nodige reëlings tref.**

5. Indien u meen dat daar ’n moontlikheid van gevaar in of naby die lokaal is, moet die hooftoesighouer die polisie direk skakel. Hulle sal die situasie kom ondersoek, evalueer en aandui of die leerders die lokaal moet ontruim of nie.

6. Indien polisie sou aandui dat die lokaal ontruim moet word, moet die hooftoesighouer:

   - Aan die leerders deurgee dat die toesighouers hulle ordelik sal laat ontruim en hulle die aanwysings van die toesighouers moet volg, bv. wanneer hulle kan opstaan om uit te gaan.

   - Ontruim ry vir ry onder toesig van die toesighouers, geen kommunikasie mag onder geen omstandighede tussen leerders plaasvind nie.

   - Leerders moet hul antwoordskrifte en vraestelle saam met hulle neem.

   NB Die toesighouers moet baie goed koördineer; dus moet hulle presies weet wat die orde van ontruiming is en sorg dat nie te veel studente gelyk na die uitgang beweeg nie.

   - Studente mag nie hulle selfoon tydens ontruiming gebruik nie.

- **Geen gesprekke mag tussen studente plaasvind nie.**
- Wys die versamelpunt vir ontruiming aan.

- Keer terug na eksamenlokaal indien dit veilig verklaar is deur die polisie.
- Die hooftoesighouer moet intussen die eksamenafdeling skakel, sodat die afdeling kan vasstel of daar ‘n alternatiewe lokaal beskikbaar is indien daar minder as ’n driekwart van die sessie verstreke is. Indien daar nie ‘n alternatiewe lokaal is nie, verduidelik die hooftoesighouers aan die groep dat hulle van die tweede geleentheid gebruik moet maak. Indien die noodsituasie voorkom tydens die tweede geleentheid, verduidelik die hooftoesighouer dat die eksamen hergeskeduleer sal word en studente sal ’n SMS ontvang met die nuwe datum en tyd.

8. Indien ’n brand sou ontstaan, geld dieselfde prosedure.